



Voeg lewe by jou jare

Sonder nederigheid is jy nie in staat om te leer nie
Laszlo Bock

NEDERIGHEID

NEDERIGHEID

met sy ingesteldheid van nuuskierigheid en groei, het Feynman (kyk die skakel hier onder) sekerlik geen skaamte in die erkenning van sy eie beperkings gesien nie – en het hierdie intellektuele nederigheid by ander verwelkom. 'Ek kan met twyfel, onsekerheid en onwetendheid saamleef. Ek dink dit is baie interessanter om te leef sonder om enigiets te weet as om antwoorde te hê wat verkeerd mag wees,' het hy in 1981 aan die BBC gesê. 'Ek het benaderde antwoorde, en moontlike opvattinge, en verskillende grade van sekerheid oor verskillende dinge, maar ek is nie absoluut seker van enigiets nie.'

The Intelligence Trap: Revolutionise your Thinking and Make Wiser Decisions
deur David Robson

https://en.wikipedia.org/wiki/Richard_Feynman

DIGITALE BOEDELPLAN

DINK AAN JOU DIGITALE BATES VOORDAT JY STERF

"Wanneer dit by sterftbeplanning en hulle boedel kom, glo ek dat die meeste mense nie eers aan hulle digitale voetspoor dink nie. Hulle behoort egter. Baie van ons het oor die jare 'n ongelooflike nalatenskap geskep."

Jy het waarskynlik nooit daarvoor gedink nie, maar jy skep 'n beduidende digitale voetspoor wanneer jy e-pos stuur, kommentaar op sosiale media lewer, 'n foto galery stuur en jou mediese rekords elektronies bekyk – en dit is selfs as jy nie 'n webdagboek ('blog'), potgooi of webtuiste het nie. Wat gebeur egter met al hierdie bates nadat jy gesterf het? Om 'n **digitale boedelplan** te skep, word toenemend belangriker, of dit hanteer word deur jou testament of jou boedelprokureurs of 'n volledige lys van jou aanlynrekenings en hulle wagwoorde wat aan 'n betroubare familielid of vriend gegee word.

Moenie jou geliefdes laat om later te skarrel nie. Om nou hieroor te dink, vir jouself of 'n ouer wordende familielid, sal oorlewendes help om na die persoon se dood behoorlik kennis te gee en rekenings te sluit.

Maak seker dat hierdie gedeel word

Die kragtigste ding wat jy met 'n betroubare familielid behoort te deel is die persoonlike identifikasienommer of toegangskode tot jou slimfoon.

Waarom? Wanneer 'n oorlewende toegang tot 'n oorledene se foon gekry het, sal baie e-posse, foto's, sosiale media en ander rekenings waarskynlik nie 'n wagwoord nodig nie.

Die uitsondering? In die algemeen vereis banktoepassings 'n wagwoord elke keer wanneer toegang tot hulle gekry word.

Moenie aan die poging dink as bloot die sluit van rekenings nie. In jou testament kan jy inhoud wat jy besit, nalaat, soos afgelaaide fliëks of musiek wat jy gelisensieer het.

<https://www.aarp.org/home-family/personal-technology/info-2021/remember-digital-assets-in-your-will.html>

FACEBOOK EN GOOGLE

Ek beveel aan dat jy die volgende webtuistes ondersoek en jouself vergewis van wat vereis word en wat gedoen kan word.

FACEBOOK**Hulp van Facebook**

Met meer as 2.74 biljoen maandelikse aktiewe gebruikers, is Facebook verreweg die wêreld se grootste sosiale netwerk. In 2019 het meer as twee derdes van volwassenes in die VSA tussen die ouderdomme van 50 en 64 gesê dat hulle dit gebruik het. Wanneer Facebook bewus gemaak word dat 'n persoon gesterf het, is sy beleid dat die rekening herdenk word.

Herdenking is 'n manier vir die familie en vriende om saam te kom en herinneringe te deel nadat 'n persoon gesterf het en hou die rekening veilig deur te voorkom dat enigeen daarop aanteken. Slegs Facebook-vriende en -familielede kan versoek dat 'n profiel herdenk word. Natuurlik kan mense ook kies dat hulle Facebook-rekenings uitgevee word nadat hulle gesterf het.

Wat is 'n erflatingkontak, en wat kan hulle met my Facebook-rekening doen?

<https://www.facebook.com/help/1568013990080948>

Oor rekenings wat herdenk word

https://www.facebook.com/help/1017717331640041/?helpref=hc_fnav

Spesiale versoek vir 'n medies ongeskikte of oorlede persoon se rekening

<https://www.facebook.com/help/contact/228813257197480>

GOOGLE**Onaktiewe Rekeningbestuurder**

Dit kan iemand in kennis stel as jy vir 'n sekere tydperk onaktief was en die tersaaklike rekening-inligting deel om toegang tot dienste soos Gmail, Google

Drive, ;Google Photos en YouTube te kry. Google sê om onaktiwiteit te bespeur, kyk dit na verskeie seïne om te verstaan of jy steeds jou Google-rekening gebruik, soos jou jongste aantekenings, jou onlangse aktiwiteit in My Activity, gebruik van Gmail, en Android-aantekenings.

<https://www.aarp.org/home-family/personal-technology/info-2021/remember-digital-assets-in-your-will.html>

<https://support.google.com/accounts/answer/3036546?hl=en>

MEER BRUIKBARE ARTIKELS

Berei 'n digitale boedelplan vir toekomstige versorgers voor

<https://www.aarp.org/caregiving/financial-legal/info-2019/digital-assets-planning.html>

Wagwoord-bestuurders: Wat jy moet weet

<https://www.aarp.org/money/scams-fraud/info-2018/password-manager-identity-protection.html>

Wat om te doen wanneer 'n geliefde sterf

<https://www.aarp.org/home-family/friends-family/info-2020/when-loved-one-dies-checklist.html>

VASVRA

SCRABBLE-LIEFHEDERS

Watter nommer, wanneer dit uitgeskryf word, het 'n Scrabble-telling gelykstaande aan daardie nommer (Engels)?

Another Word A Day deur Anu Garg

VERBRUIKERSREGTE

SAVU – (Suid-Afrikaanse Verbruikersunie) [SANCU – (South African Consumer Union)]

Lid se vraag

Ek dink dit was Wendy Knowler wat jare gelede 'n artikel gepubliseer het oor die probleem van houers en oorspronklike verpakkingsmateriaal wat vir aangekoopte artikels gehou moet word. Solank 'n mens die aankoopdokumentasie vir die item het, moet verskaffers enige klagtes rakende foutiewe goedere ondersoek. Hulle mag nie weier om dit te doen op grond daarvan dat verpakking verlore is nie, omdat dit teen verbruikersregte is.

Aan SANCU

Sal u asseblief duidelikheid hieroor gee, omdat daar vervaardigers en verskaffers is wat aandring op die oorspronklike verpakking wanneer 'n foutiewe item binne die waarborgtydperk terugbesorg word. Daar word sekerlik nie van mense verwag om hulle huise met leë dose te vul nie?

SANCU se antwoord

Artikel 56 van die Wet op Beskerming van Verbruikers maak voorsiening vir 'n implisiete waarborg met 'n tydperk van 6 maande ná aankoop, wat van toepassing is benewens enige ander waarborg van die verskaffer. Indien gedurende hierdie waarborgtydperk gevind word dat die produk foutief is, moet die verskaffer op die verbruiker se bevel, dit vervang, herstel, of die verbruiker ten volle terugbetaal. Die verskaffer kan nie op die oorspronklike verpakking aandring nie, maar kan aandring op bewys van aankoop (bv. 'n kwitansie), en kan vir 'n redelike tydperk die item vir 'n tegniese ondersoek stuur. Ná 6 maande is die verskaffer se Terme en Voorwaardes van toepassing, en dit mag oorspronklike verpakking vereis.

Dit is belangrik om daarop te let dat die implisiete waarborg van 6 maande slegs van toepassing is in gevalle waar die goedere foutief is. Sommige verskaffers laat verbruikers toe om goedere om ander redes terug te besorg of om te ruil. In sulke gevalle is hulle ten volle geregtig om te vereis dat die produk in sy oorspronklike verpakking terugbesorg word.

ALZHEIMER SE SIEKTE

HULP VIR JOU GELIEFDE

Een van die wreedste aspekte van demensie is die stigma wat dit omhul, sê Sarah Lock, SAVA se senior vise-president vir beleid en verstandelike gesondheid. Gevoelens van skaamte of hopeloosheid kan maak dat mense teensinnig is om gediagnoseer te word of behandeling weier. Hoewel daar tans geen geneesmiddel vir Alzheimer se siekte is nie, "is daar baie wat mense kan doen om simptome te vertraag en hulle lewenskwaliteit te verbeter," verduidelik Lock. "As mense net daarvan weet, kan ons behandelingskoste beduidend bespaar, en ons kan lewens red."

Volgens die Global Council on Brain Health (sien die skakel hier onder), kan die volgende ses sleutel-gedragssuitings die begin van Alzheimer se siekte vertraag en die verloop van die siekte verlig:

- Handhaaf sosiale bande
- Daag die brein uit
- Bestuur stres
- Oefen gereeld
- Eet reg
- Kry herstellende slaap

BUROKRASIE

BUROKRASIE

Burokrate is selfs meer
onnadenkend as wat mense
aanneem hulle is.

Jy kan dit glo.

Die stories van burokratiese knoeiery en regeringsrompslomp is legio. Hulle is standaardtariewe vir koerantredakteurs en sosiale kommentators. Elkeen wat enigsins met regeringsagentskappe te doen gehad het, het ten minste 'n paar persoonlike ervarings om te vertel, waarvan sommige Kafka-agtige pyn, sommige verbysterde ongeloof ontwikkel, maar meer gereeld kras gelag ontlok. Hier is egter ongetwyfeld die beste wat ek ooit gehoor het:

Volgens die storie is 'n sensitiewe dokument etlike jare gelese deur die kantoorhokkies van die Pentagon gesirkuleer vir hersiening deur spesifieke beamptes op 'n hoë vlak van sekerheidsklaring. 'n Afskrif was gerig aan die hoof van 'n tersaaklike afdeling, 'n senior ampsbekleër geklaar op die toepaslike vlak van wie verwag is om die dokument te ondersoek. Toe die lêer sy assistent se lessenaar bereik, het die assistent dit pligsgetrou gelees, geparafeer en in sy senior se in-hokkie geplaas. die assistent het egter nie gesien dat sy sekerheidsmagtiging 'n vlak laer was as die vereiste om toegang tot die dokument te kry nie.

Die volgende dag het sy baas die pakkie in sy in-hokkie, en toe hy die lêer oopmaak, was hy ontsteld toe hy ontdek dat sy assistent dit nie net oopgemaak het nie, maar ook die materiaal gelees het voordat dit na hom toe aangegee is. Hy het die hele pakkie na sy assistent se lessenaar terugverwys met die volgende nota daarop: "Die aanhegsel was nie vir u oë bedoel nie. U behoort nie die dokument te gelees het nie. U is nie op die vereiste sekerheidsvlak geklaar nie. Nasionale sekerheid moet op elke vlak van bevel gehandhaaf word. Vee daarom onmiddellik u parafering skrap, en parafeer die skrapping."

Vertaal uit: Reich, Herb. *Lies They Teach in School: Exposing the Myths Behind 250 Commonly Believed Fallacies* (p. 71). Skyhorse. Kindle-uitgawe.

TAAL

WOORDE

Mark Twain, daardie meester van woorde, het eenkeer grappenderwys oor 'n woordeboek opgemerk: "Ek het dit dikwels bestudeer, maar ek kon nooit die intrige ontdek nie." Wel, 'n woordeboek is 'n plek waar elke woord 'n intrige, 'n hele storie daaragter het. Elke woord het sy eie biografie – ons noem dit

etimologie (woordherkoms). Hulle verander, hulle ontwikkel, hulle pas aan, hulle sterf, en hulle herleef.

Vertaal uit: *A Word A Day* (Garg, Anu; Garg, Suti)

As 'n jongman wat baie gelees het, onthou ek hoe woorde wat by Sondagskool geleer is, my verwar het, totdat ek finaal uitgevind het dat die betekenis van sommige woorde sedert 1611 met 180 grade verander het. Ray Hier is 'n paar voorbeelde (die woorde word in Engels behou omdat dit nie in Afrikaans dieselfde sal wees nie):

Prestigious (Dateer terug tot 1546)

Vandag se betekenis: Geëerd

Oorspronklike betekenis: Behels kullery, sinsbedrog of goëlkuns)

Matrix (Dateer terug tot 1555)

Vandag se betekenis: Patroon van lyne en spasies.

Oorspronklike betekenis: Vroulike teeldier.

Garble (Dateer terug tot die 1400's)

Vandag se betekenis: Veroorsaak dat iets verwarrend is.

Oorspronklike betekenis: Sif, skei onsuiwerhede uit.

Nervous (Dateer terug tot die 1300's)

Vandag se betekenis: Skrikkerig.

Oorspronklike betekenis: Seningagtig of sterk.

Silly (Dateer terug tot die 1300's)

Vandag se betekenis: Dwaas of ligsinnig.

Oorspronklike betekenis: Onskuldig of bejammerenswaardig.

Nice (Dateer terug tot die 1300's)

Vandag se betekenis: Gaaf, goed.

Oorspronklike betekenis: Dwaas, wellustig.

Dapper (Dateer terug tot die 1400's)

Vandag se betekenis: Stylvol.

Oorspronklike betekenis: Heldhaftig.

Girl (Dateer terug tot die 1300's)

Vandag se betekenis: Jong vroulike persoon.

Oorspronklike betekenis: Jong persoon, beide geslagte.

Fantastic (Dateer terug tot die 1300's)

Vandag se betekenis: Buitengewoon goed.

Oorspronklike betekenis: Bestaan slegs in die verbeelding, soos 'n fantasie.

Buxom (Dateer terug tot die 1100's)

Vandag se betekenis: Rondborstig.

Oorspronklike betekenis: Onderdanig of gehoorsaam.

GROOT SKRYWERS WAT VIR HUGH HEFNER GESKRYF HET

Niemand het ooit enige man geglo wat die ou verskoning gebruik het om die Playboy-tydskrif te koop nie – "vir die artikels" – teenoor die foto's van naakte vrouens. Nogtans het die tydskrif 'n lang en trotse literêre tradisie van publikasie van stories deur skrywers soos John Steinbeck, Jack Kerouac, Arthur C Clarke, Margaret Atwood en Haruki Murakami. Hugh Hefner het eenkeer by 'n verjaarsdagparty van die tydskrif geskerts: "Dames, dit was 'n wonderlike 25 jaar, en ek het alles aan julle te danke. Sonder julle sou ek niks anders as 'n literêre tydskrif gehad het nie." Amy Grace, 'n voormalige literêre redakteur van Playboy, het in 2009 die tydskrif se formule opgesom: "Jy het dinge wat 'n man se oog trek, dan het jy dinge wat sy intellektuele en geestelike lewe verryk. Ons kan soveel meer mense as enigiemand anders bereik, en ons bereik ook mense wat in die algemeen nie fiksie, of ten minste literêre fiksie, lees nie," het sy verduidelik.

Hefner het gesê: "Ons was gewillig om goed te publiseer wat ander nie wou publiseer nie, en skrywers was baie gelukkig daarvoor, en baie gou het ons die grootste sirkulasie in die manne se veld gehad, sodat ons skrywers meer geld kon betaal."

Hier is 11 van die vername skrywers wie se werk op die bladsye van Playboy verskyn het:

- Roald Dahl
- Jack Kerouac
- Margaret Atwood
- Ursula Le Guin
- Ian Fleming
- Ray Bradbury
- Arthur C Clarke
- Vladimir Nabokov
- Gabriel Garcia Marquez
- Norman Mailer
- Alice Denham

Deur Ian Youngs

KLIMAATVERANDERING

IS ONS REGTIG ERNSTIG DAAROOR?

Die *MIT Technology Review* het 'n artikel getiteld: Ons het 10 kundiges gevra om die effektiëste manier om klimaatverandering te bestry, te noem. Ek kon dit nie weerstaan om aan hulle uitgewer te skryf nie:

Hulle mag hier begin:

"Die tradisionele doelwit om produkte vir hulle vanselfsprekende bruikbaarheid te maak, is vervang met die doel van wins en die behoefte aan 'n masjinerie van

verleiding. – Daar is die kolossale kragte van mag en geld wat die status quo versterk . . ."

Kort Terminisme

- Victor Lebow het in 1955 opgemerk: "Ons enorme produktiewe ekonomie vereis dat ons verbruik ons leefwyse maak, dat ons die koop en gebruik van goedere in rituele omskep, dat ons ons geestelike bevrediging, die bevrediging van ons ego, in verbruik vind ... dit is vir ons nodig dat dinge teen 'n immer versnellende pas **verbruik, opgebrand, vervang** en **weggegooi** word."
- Vance Packard (1914-1996) het beide funksionele veroudering, waar die produk gou uitgewerk raak, en sielkundige veroudering, waar produkte *"ontwerp word om in die gedagtes van die verbruiker te verouder, selfs gouer as wat die komponente wat gebruik word om hulle te maak, sal faal"*, identifiseer.

Meer geld, meer hulpbronne . . .

- Voeg hierby die duur "dwelmoorlog". 'n Alkoholvrye Nuwejaarsnaweek het daartoe gelei dat 'n Johannesburgse hospitaal sy eerste ongevalvrye naweek gehad het – OOI. Jy kan seker wees dat die verbruik van "onwettige" dwelms nie in daardie tyd afgeneem het nie.
- Dink dan na oor die biljoene wat aan "reise na Mars" spandeer word . . .
- En dan begin ons nuwe items, windlaaiers, batterye, sonpanele vervaardig – gebruik meer hulpbronne, en verwek meer koolstofvrystellings . . .
- Net op die 5 km op die R311, vanaf Riebeeck Kasteel tot by Riebeeck-Wes, kruie vragmotorkonvooi met windlaaiërkomponente – drie vragmotors op 'n keer, wat elkeen een vlerk dra, ;vergesel van 8 polisie- en krontrakteursvoertuie . . . Goeiste weet hoeveel vragmotors gebruik word om die komponente van een toring te vervoer.
- Bogenoemde in ag genome, sou enige maatstaf van 'n gevorderde beskawing Homo sapiens beskou as . . .?

Ray

KOM TEËSPOED TE BOWE

DIT GAAN ALLES OOR INGESTELDHEID

Gegewe die tye wat ons ervaar, dink ek dit is verstandig om die volgende met julle te deel. Ek het my been in 'n motorfietsongeluk verloor, en 'n ruk daarna is ek gevra om 'n artikel oor my ervaring te skryf. Ek het gevoel ek moet dit aan die volgende mense opdra:

Wyding

Uit waardering vir die vier mense wat my van die vryheid geleer het wat ons almal het: die vryheid – in enige omstandigheid – **om ons ingesteldheid te kies.**

"Moenie die onmoontlike begeer of dit wat verby is betreur nie." ("Neither cry for the moon, nor over split milk.")

Mou ouma aan moederskant

"Die lewe is nie regverdig nie en daar is nie so iets soos geregtigheid nie. Wanneer jy hierdie feite aanvaar, sal jy nie probleme in die lewe hê nie."

'n Ou man

"Jy kan al die vreugde uit die lewe neem deur altyd te wil hê dat iets beter moet wees."

Christin Cooper, Winter Olimpiese atleet

Ondervraer: "Hoe het die verkragting jou beïnvloed?"

Ondervraagde: "Glad nie."

Ondervraer: "Heeltemal glad nie?"

Ondervraagde: "Nee. Hy het een keer tien minute van my lewe geneem – ek weier om hom nog 'n sekonde te gee."

Anonieme luisteraar op wat die SABC se Engelse A-diens was.

DIGKUNSKOMPETISIE

"DEFLATED Couplet" (VERS MET TWEE REËLS)

Ek merk uit die aantal kere wat "POETRY – The value of learning it by heart" van ons webtuiste afgelaai is dat baie van julle digkuns-liefhebbers is.

Onlangs het die weeklikse kompetisie van *The Spectator Magazine* lesers uitgenooi 'n vars kinkel te gee aan 'n enkele reël digkuns deur 'n reël van hul eie daarby te voeg ('n leë koeplet/vers met twee reëls). Hier is 'n paar van hulle wenners asook 'n paar voorbeelde uit *How to be Well-versed in Poetry* deur E O Parrot (Redakteur).

The Spectator

O that this too, too solid flesh would melt!

I must lose weight, or buy a bigger belt.

A.R. Duncan-Jones/Shakespeare

Come friendly bombs and fall on Slough:

My wife's ex-boyfriend lives there now.

David Silverman/Betjeman

Earth has not anything to show more fair —

If you can see it through polluted air.

Alan Langleigh/Wordsworth

Deep in the shady sadness of a vale,

He wept because his sandwiches were stale.

Philip Wilson/Keats

Do you remember an inn, Miranda, do you remember an inn?
I don't suppose you do, my dear, you drank it dry of gin.

J.M.L. Harris/Belloc

How to Be Well-Versed in Poetry

Drink to me only with thine eyes,
And spare the dwindling gin supplies.

Mary Holtby

To be or not to be, that is the question.
You see I'm always open to suggestion.

Mary Holtby

Should auld acquaintance be forgot?
Certainly not. Ask any Scot.

Gerard Benson

A child should always say what's true.
A practice he will later rue.

Tim Hopkins

To see the world in a grain of sand,
You have to be quite mad, or canned.

Ron Rubin

En my gunsteling van alle tye:

The woods are lovely, dark and deep.
And I have Semtex to secrete.

Tim Hopkins

Stuur asseblief julle inskrywings aan ray@saarp.net en as daar genoeg is, sal ons hulle op die webwerf plaas. En wie weet, die wenner mag dalk 'n verrassing kry.

TEGNOLOGIE

Hier is 'n klomp versamelname uit die wêreld van rekenaars en die Internet (in Engels behou ter wille van die Engelse woordspeling):

- An array of programmers
- A clique of computer mice
- A sneer of Mac users
- An obfuscation of user manuals
- A 404 of former web sites
- A cylinder of CDs
- A wildcard of hackers
- A hindrance of tech-support people
- A blizzard of AOL disks

WAGWOORDE

Stop die mallingheid

Die Oktober Bulletin van die VSA se AARP bevat 'n paar interessante waarnemings.

'n tipiese volwassene het "ten minste" 200 aanlyn rekenings. Dit is nie onmoontlik nie. Dink aan al die kleinhandelaars. Finansiële maatskappye, nutsdienste. Gesondheidsorgverskaffers se sosiale media-webwerwe, reisdienste van regeringskantore, en vermaak-intekenings wat jy oor die jare gemaak het. As gevolg van Covid het jy waarskynlik rekenings met voedselafleweringdienste, videokonferensiedienste en nuwe kleinhandel-webwerwe geskep.

Hier is 'n paar wenke om wagwoorde te bestuur:

Moe nie met Facebook of Google aanteken nie. Baie webtuistes bied die gerief om via Facebook of Google op hulle webtuiste aan te teken. Dit is nie noodwendig veilig nie. Moenie. 'n Sekerheidsbreuk van een hiervan kan jou nadelig raak. Tweedens, as jy later Facebook uitvee, mag jy uitgesluit wees van toeps waartoe jy via Facebook toegang gekry het.

Moenie wagwoorde hergebruik nie. Die hoogste getal gekompromitteerde rekening is geneig om te kom van wagwoorde wat elders gebruik is.

Maak swak wagwoorde sterker. Wat 5 jaar gelede veilig was, is nie meer voldoende nie. Lukraak geskepte wagwoorde is die nuwe standaard. Jy kan jou eie stel letters, syfers en simbole tik, of 'n wagwoordskepper gebruik.

Stel terug ("reset") soos nodig. Gebruik die "forget password"-skakel as jy nie jou wagwoord kan onthou nie. As jou oorspronklike een sterk genoeg was, sal dit geen probleem oplewer nie.

Benoem 'n noodkontak. As iets met jou gebeur, wil jy nie hê jou geliefdes moet skarrel om beheer oor jou rekenings te kry nie. Gebruik 'n wagwoordbestuurder wat jou gewoonlik toelaat om veilige toegang tot ander te kry. Of maak seker iemand weet waar jy jou wagwoordboek bêre.

Drie maniere om wagwoorde te bestuur:

- Webblaaiers het dikwels ingeboude wagwoordbestuurders. Vind uit hoe hulle werk.
- Wagwoordbestuurders skep sterk wagwoorde en berg hulle in 'n veilige kluis waartoe jy toegang kry deur een sterk wagwoord te gebruik.
- 'n Handgeskrewe (getikte) lys. Baie mense vind dat 'n handgeskrewe wagwoordboek hulle pas. Maak net seker iemand weet waar dit is, en hou dit in 'n veilige plek. 'n Vuurvaste kluis sou ideaal wees.

SAVA-DIENSTE

Gaan asseblief na www.saarp.net en klik op die "Benefits"-skakel om ons reeks dienste aan lede te sien:

Home ▾ Benefits Communication ▾ Social Clubs Contact Us Join Now Advertisements

SAVA-NUUS

LID TERUGVOER (Verbatim)

Hi SAVA,

Baie baie dankie vir jul moeite, insette en tyd met die nuusbrieff se opstel en uitstuur. Dit word waardeer.

TERUGVOER OOR KORTVERHALE (Verbatim vertaal)

1. Weereens dankie vir 'n uitstekende storie. Ek het 'n traan of twee gestort oor daardie arme hond in jou buurt wat agter daardie betonmure weggesluit is. Ek het altyd gesê en sal tot op my sterfdag sê dat almal wat 'n hond of 'n kat wil besit 'n skriftelike eksamen behoort af te lê oor hulle kennis van die ras en sy behoeftes en die vereistes vir sy eienaar. Dankie vir plesier wat na 'n huisgebonde ou vrou gebring is.
2. Hierdie storie is so goed geskryf, en ek het dit baie aandoenlik gevind. Ek is 'n "nuwe" afgetredene en het tot nou toe nie die kans gehad om die kortverhale te lees nie, maar hierdie storie is 'n aanduiding van wat vir ons beskikbaar is. Ek sal hulle in die toekoms lees.
3. Hi Ray, net om jou te laat weet dat ek regtig die kortverhale geniet. Gaan asseblief met hulle voort.
4. Weereens twee uitstekende stories. Dankie.

Gaan na www.saarp.net . . .

SAVA-VAKANSIEKLUB

LET WEL: As gevolg van die onvoorsiene aanvraag na ons vakansie-aanbiedings, sal ons die getal punte wat elke maand beskikbaar is, beperk.

Die volgende is voorbeelde van buiteseisoenvakansies met korting wat ons vakansieklub vir julle en julle gesinne aanbied. *Om te bespreek, skakel Renske by 021 592 1279 of stuur vir haar 'n e-pos by renskes@saarp.net*

OORD	AREA	DATUM	EENHEID	PRYS
BESPREKINGS VIR 2021				
Club Mykonos	Langebaan	10-14 Mei	1 s/kamer	R1725
Club Mykonos	Langebaan	10-14 Mei	2 s/kamer	R1725

Club Mykonos	Langebaan	17-21 Mei	3 s/kamer	R2156.25
Club Mykonos	Langebaan	24-28 Mei	2 s/kamer	R1725
Club Mykonos	Langebaan	7-11 Junie	2 s/kamer	R1725
Club Mykonos	Langebaan	7-11 Junie	2 s/kamer	R1725
Club Mykonos	Langebaan	4-7 Junie	1 s/kamer	R2587.50
Waterberg Game Park	Limpopo	17-21 Mei	1 s/kamer	R1814
Waterberg Game Park	Limpopo	17-21 Mei	2 s/kamer	R2676.50
Seasons Golf L & Spa	Brits	24-28 Mei	3 s/kamer	R2587.50
Seasons Golf L & Spa	Brits	24-28 Mei	3 s/kamer	R2587.50
Baywater Village	Sedgefield	24-28 Mei	1 s/kamer	R1725
Crystal Springs	Pilgrims Rest	31/5 - 4/6	1 s/kamer	R1725
Crystal Springs	Pilgrims Rest	31/5 - 4/6	2 s/kamer	R2587.50
Tableview Cabanas	Blouberg	31/5 - 4/6	1 s/kamer	R1293.75
The Dunes	Plettenberg Bay	31/5 - 4/6	2 s/kamer	R1725
The Dunes	Plettenberg Bay	31/5 - 4/6	2 s/kamer	R1725
Placid Waters	Sedgefield	31/5 - 4/6	1 s/kamer	R1725
Placid Waters	Sedgefield	31/5 - 4/6	1 s/kamer	R1725
Magaliespark	Brits	7-11 Junie	1 s/kamer	R1725
Hazyview Cabanas	Hazyview	5-9 July	2 s/kamer	R2587.50
Dolphin View	Umdloti	23-27 Aug	1 s/kamer	R1725
Dolphin View	Umdloti	23-27 Aug	1 s/kamer	R1725
Sunshine Bay Beach	Jeffreys Bay	23-27 Aug	2 s/kamer	R1293.75
Sunshine Bay Beach	Jeffreys Bay	23-27 Aug	2 s/kamer	R1293.75
Sunshine Bay Beach	Jeffreys Bay	23-27 Aug	2 s/kamer	R1293.75
Waterberg Game Park	Limpopo	30/8 - 3/9	1 s/kamer	R1814
Banana Beach Club	KZN	6-9 Sep	2 s/kamer	R1725
Banana Beach Club	KZN	6-9 Sep	2 s/kamer	R1725

NOTA 1: Die bogenoemde pryse sluit 15% BTW in.

NOTA 2: Die prys is vir die hele tydperk.

NOTA 3: Alle kansellaries moet 7 weke voor die aankomsdatum gemaak word.

NOTA 4: Hierdie is Vakansieklub-regulasies waaraan alle lede gehoor MOET gee.

NOTA 5: Wanneer jy 'n bespreking maak, kom jy ooreen dat hierdie regulasies op jou van toepassing is.

BETALING: Wanneer Renske jou bespreking BEVESTIG het, sal sy 'n faktuur uitreik wat SAVA se bankbesonderhede bevat. Wanneer jy die verlangde bedrag in SAVA se bankrekening inbetaal het, stuur asseblief bewys van betaling deur een van die volgende te gebruik:

Faks: 021 592 1284

E-pos: info@saarp.net

En onthou om jou ID-nommer en naam aan te haal.

**MOENIE ENIGIETS BETAAL VOORDAT JY DIE BEVESTIGING
VAN DIE BESPREKING EN DIE FAKTUUR ONTVANG HET NIE.**

Kontak ons by SAVA Tel: 021 592 1279

Faks: 021 592 1284

Skakel ons en ons sal u terugskakel om u telefoonkoste te spaar

E-pos: info@saarp.net

Of sien dit alles by www.saarp.net

SAVA, sy verskaffers, uitgewer, drukker en bydraers het geen bedoeling om spesifieke mediese of ander advies te voorsien nie, maar mag lesers eerder voorsien van inligting ingevolge sy regte onder die Konstitusie van Suid-Afrika. Inligting wat hier verskaf word, is nie 'n plaasvervanger vir professionele advies van enige aard nie, meer spesifiek mediese advies, sorg, diagnose of behandeling. Dit is ook nie ontwerp om enige mediese praktyk of behandeling, program of produk wat in die redaksionele inhoud van die Bulletin of webtuiste of soortgelyke platform geadverteer of genoem word, te bevorder of te onderskryf nie. Bykomend en soortgelyk bied SAVA nie professionele advies op enige terrein aan nie, insluitende maar nie beperk nie tot regsake en finansies. In alle gevalle, sou lesers advies nodig, behoort hulle 'n behoorlik geakkrediteerde en gekwalifiseerde spesialis op die terrein te raadpleeg.

ALLEDAAGSHEDA

BROKKIES

- Binnekort sal stilte net 'n legende word. Die mens het sy rug op stilte gedraai. Dag na dag vind hy masjiene en toestelle uit wat geraas vermeerder en die mensheid weglei van die wese van lewe, bepeinsing, nadenke ... getoeter, getjank, gillery, gedonder, gekraak, gefluit, geskuur, en trilling om sy ego te onderskraag. Sy angs bedaar. Sy onmenslike lugleegte spreid monsteragtig soos 'n grys groente. **Jean Arp.**
- 'n Paar jaar gelede het Margaret Thatcher 'n paar oud eerste ministers vir 'n byeenkoms by Downingstraat 10 genooi. Ek dink dit was Harold Macmillan, Harold Wilson, en James Callaghan. Terwyl hulle daar was, het Thatcher gespekuleer oor die regte woord wat 'n groep eerste ministers aandui. Macmillan het voorgestel dat die korrekte versamelnaam "a lack of principals" behoort te wees. **Lydia Rivlin**
- Ek het dit altyd geniet om saam met een besondere begrafnisdirekteur te werk wat sy e-posse afgesluit het met "Uiteindelik die uwe". **Dominee Tim Grew**
- Dit is een van die grootste geheimenisse van antropologie. Waarom het elke gemeenskap – en hulle almal het – 'n lys van voedselsoorte wat taboe

is? **Sunday Star Times (Nieu Seeland)**. Wat selfs nog vreemder is , is dat gemeenskappe taboe woorde het.

ADVERTENSIE? BEMARKING

Terwyl die vooraf beskouing van die roman gesê het "Hoogs aanbeveel dat dit in die boekwinkel gelaat word", het die reklameteks op die agterste omslag slegs die sinsnede aangehaal: "Hoogs aanbeveel".

LIFE?

A bit beyond perception's reach
I sometimes believe I see
that life is two locked boxes
each containing the other's key.

Piet Hein, digter en wetenskaplike (1905–1996)

AANHALINGS

- Miere is so baie soos mense dat dit 'n verleentheid is. Hulle boer met fungi, maak plantluise as lewendehawe groot, stuur weermagte in die oorlog in, gebruik chemiese sproei om vyande skrik te maak en te verwar, vang slawe; maak van kinderarbeid gebruik, en ruil onophoudelik inligting uit. Hulle doen alles behalwe om televisie te kyk. LEWIS THOMAS
- Diere is nie broeders nie, hulle is nie ondergeskiktes nie; hulle is ander nasies, met hulleself in die net van lewe en tyd gevang. HENRY BESTON
- Daar is 'n ander man binne my wat kwaad is vir my. C. S. LEWIS
- Woede is die enigste ding wat tot môre uitgestel moet word. TSJEGGIESE SPREEKWOORD
- Amerika is 'n groot, vriendelike hond in 'n klein kamertjie. Elke keer as hy sy stert swaai, stamp hy 'n stoel om. ARNOLD TOYNBEE
- Amerikaanse vroue verwag om in hulle mans 'n perfeksie te vind wat Engelse vroue hoop om in hulle hofmeester ("butler") te vind. W. SOMERSET MAUGHAM
- As dit waar is dat ons spesie alleen in die heelal is, moet ek sê dat die heelal taamlik laag gemik het en met baie min genoeë neem. GEORGE CARLIN
- Soms dink ek die sekerste teken dat intelligente lewe elders in die heelal bestaan is dat niks daarvan probeer het om ons te kontak nie. BILL WATTERSON
- Binne elke ou vrou is 'n jong meisie wat wonder wat de hel gebeur het? CORA HARVEY ARMSTRONG
- Die jare tussen 50 en 70 is die hardste. Jy word altyd gevra om goed te doen, en nogtans is jy nie afgeleef genoeg om hulle van die hand te wys. T. S. ELIOT

- Baie min mense doen iets kreatief ná die ouderdom van 35. Die rede is dat baie min mense voor die ouderdom van 35 iets kreatief doen. JOEL HILDEBRAND
- Advies is iets waarvoor ons vra wanneer ons reeds die antwoord weet maar wens ons het nie. ERICA JONG
- Laat adverteerders dieselfde hoeveelheid geld spandeer om hulle produk te verbeter wat hulle op advertensie spandeer, en hulle sou dit nie hoef te adverteer nie. WILL ROGERS
- Daar sal binnekort geen plek vir goed in die wêreld wees nie; dit sal gevul wees met die advertensies van goed. WILLIAM DEAN HOWELLS

Lloyd, John; Mitchinson, John. *QI: Advanced Banter* (Kindle Locations 308-309). Faber & Faber. Kindle- uitgawe.

ANTWOORD OP VASVRA



Ray Hattingh

NS Om in geskiedenis vir betekenis te kyk is soos om in wolke vir patrone te kyk.

Kontak ons by SAVA Tel: 021 592 1279

Faks: 021 592 1284

Skakel ons en ons sal u terugskakel om u telefoonkoste te spaar

E-pos: info@saarp.net

Of sien dit alles by www.saarp.net

voeg lewe by jou jare